# SAAM-PRAAT-PAPIER



23 MAART 2014

1 SAMUEL 21

Dawid het in Nob by die priester Agimelek gekom. Agimelek het Dawid ontsteld tegemoet gegaan en gevra: “Waarom is u alleen? Waarom is daar niemand by u nie?” (2) Dawid het vir die priester Agimelek gesê: “Die koning het my 'n opdrag gegee en gesê: ‘Niemand mag iets weet van die saak waarvoor ek jou stuur en wat ek jou beveel nie.’ Ek het my manskappe op 'n sekere plek bestel. (3) Maar nou iets anders: wat het u byderhand? Gee my tog vyf brode of net wat u beskikbaar het.” (4) Die priester het Dawid geantwoord: “Ek het nie gewone brood byderhand nie, hier is net gewyde brood. As die manskappe hulle tog maar van vrouens weerhou het.” (5) Toe sê Dawid vir die priester: “Soos altyd wanneer ek gaan oorlog maak, is vrouens vir ons verbode en daarom is die liggame van die manskappe rein. Al is dit ook 'n gewone onderneming, is die liggame vandag tog rein.” (6) Die priester het toe aan hom gewyde brood gegee, want daar was nie gewone brood nie, net die offerbrood wat op 'n bepaalde tyd uit die tempel verwyder word om dit deur vars brood te vervang. (7) Een van Saul se slawe moes daardie dag in die tempel deurbring. Sy naam was Doëg. Hy was 'n Edomiet, die hoof van Saul se veewagters. (8) Dawid het ook vir Agimelek gesê: “Is hier nie miskien 'n spies of 'n swaard byderhand nie? Ek kon selfs nie eens my swaard of my ander wapens vat nie, want die saak van die koning was dringend.” (9) Die priester het hom geantwoord: “Die swaard van Goliat die Filistyn, vir wie u in die dal by die groot boom verslaan het, is hier, toegedraai in 'n mantel agter die skouerkleed. Vat dit vir u as u wil, want in hierdie plek is daar niks behalwe hierdie een nie.” En Dawid sê: “Daar is nie nog so een nie. Gee dit vir my.”

**GOEIE NUUS VIR DESPERATE MENSE**

☺**GOD VOORSIEN EN HELP DESPERATE MENSE SELFS AL DOEN HUL NIE ALLES REG NIE**

☺**JY KAN VANDAG NA HOM KOM IN JOU DESPERAATHEID NET SOOS JY IS!**

☺**GOD WIL DEUR SY AGIMELEKS ( SY KERK) DESPERATE MENSE HELP**

☺**MOENIE LANGER DOËG-SPEEL DEUR ANDER TE MEET AAN WAT EK DINK REG OF VERKEERD IS NIE ( BEDANK UIT DIE KLUB V VEILIGE HEILIGES!)**

☺**LAAT GOD TOE OM DEUR JOU VIR DESPERATE MENSE OM TE GEE**



## SAAM-PRAAT:

**1 WAT NUUT HET JY IN TEKS ONTDEK ?**
**2 DEEL ‘N ERVARING UIT JOU LEWE TOE JY DESPERAAT WAS**
**3 WATTER GOEIE NUUS HOU HIERDIE GEDEELTE VIR JOU IN ?**
**4 LEES OOK MATTEUS 12:1-8 EN GESELS OOR GEDEELTE**